UIT DIE PEN VAN DIE CEO (20/23)
(Volg my op Twitter justchad_cga)
Justin Chadwick 19 Mei 2023

"The one who thinks it cannot be done should not interrupt the one doing it" Confucius

ORANGE HEART VRUGTE DONASIES

Verlede seisoen was daar baie stories wat die rondte gedoen het oor groot volumes vrugte wat weggegooi en vernietig is, weens die swak marktoestande. Baie produsente en uitvoer-agente was desperaat op soek na 'n alternatief, waar hul iewers die vrugte kon stuur of skenk. Ons het die antwoord! Die CGA se Orange Heart Fruit Drive samel vrugte-donasies van die bedryf in en herlei dit na liefdadigheidsorganisasies, soos voedselbanke en sopkombuise, wat ondersteuning aan arm huishoudings, skole, weeshuise en individue bied. Ons hoofvennoot is FoodForwardSA (www.foodforwardsa.org), 'n voedselbank met 'n landwye voetspoor en interne logistieke hulpbronne wat hulle in staat stel om vrugte te bring van waar dit is, tot waar dit nodig is. Vrugte kan oral in die land afgehaal word, direk vanaf plase, pakhuise, koelkamers, stoorplekke, markte of vrugte-terminale. Ons werk ook saam met plaaslike sop- en toebroodjie-kombuise in Durban om vrugte wat vir uitvoer by die Durbanse hawe afgekeur word, te versprei. Jy kan net vir Sive by Orange Heart laat weet of jy vrugte beskikbaar het, waar dit is, wanneer dit afgehaal kan word, en ons sal dit van daar neem. Jy kan haar kontak by sive@citrusacademy.org.za, of deur die Orange Heart Initiative Facebook-bladsy, of deur Instagram of Twitter *@cga_orangeheart* te gebruik, of deur die Orange Heart Initiative LinkedIn. Stuur asseblief hierdie inligting ook aan jou uitvoer-agent. Kom ons het 'n hart, en help mekaar.

MAPUTO VERSKAF 'N AANLOKLIKE OPSIE VIR SITRUS-UITVOERE VANUIT DIE NOORDE (MITCHELL BROOKE)

Mitchell, vergesel deur drie CGA-direkteure, het die openingseremonie van die Matola Cargo Terminal koelkamer in Maputo bygewoon en 'n toer deur die DP World Houer Terminaal gedoen om die nuwe skeepswerwe en operasionele opstelling te sien. Maputo het nou drie ten volle funksionele en operasionele koelkamers en 'n "ambient" fasiliteit in die hawe wat uitvoersitrus kan hanteer. Gekoppel aan die landkant-infrastruktuur, bestaan daar nou goeie verskepingsgeleenthede vir verskepings hoofsaaklik na Midde-Ooste, Asië en Verre-Ooste markte met baie goeie verskepingstye. Terwyl die grensoorgang by Komatipoort Ressano Garcia 'n uitdaging bly, kan vragmotors betyds toegang tot die koelkamers kry as hulle eers deur is. Die N4 tussen Malelane na Maputo word tans opgegradeer na 2 bane in beide rigtings. Dit sal grootliks help om vragmotor-opeenhoping by die grens te verminder. Koelkamer-ontwikkelings, tesame met 'n 24 maande lange uitbreiding en ontwikkeling op die pad en spoor, grensoorgang, hawe-infrastruktuur en terminale uitbreiding, sal Maputo ongetwyfeld 'n uiters aanloklike hawe vir uitvoer wees. DP World en CFM beplan 'n spoorterminaal in die Komatipoort SEZ, wat 'n aanloklike opsie sal oopmaak vir belegging in koue behandelingsfasiliteite, hoofsaaklik in lyn met die opening van toegang via Maputo na Japan en China (die pomelo's se groot markte) met bestaande markte wat reeds toeganklik is. Noukeurige oorweging moet egter gegee word aan die hoë koste verbonde aan hoë vervoerkoste en US$-gebaseerde hawe kosteketting. Die verswakking van die Rand teenoor die US$ posisioneer Maputo, koste gewys op die oomblik, nie gunstig nie. As diensverskaffers mooi na die kosteketting kan kyk en dit lewensvatbaar vir sitrusuitvoere kan maak, sal die hawe ongetwyfeld uitvoervolumes van sitrus verhoog. Maputo-hawe – 'n plek om fyn dop te hou.

GEPAK EN VERSKEEP

Einde van Week 19 Miljoen 15 Kg Kartonne	Gepak	Gepak	Gepak	Verskeep	Verskeep	Aanvanklike Skatting	Nuutste Voorspelling	Finaal Gepak
BRON: PPECB/AGRIHUB	2021	2022	2023	2022	2023	2023	2023	2022
Pomelo's	10.2 m	7.8 m	6.4 m	4.1 m	3.8 m	14.4 m	14.4 m	16.7 m
Mandaryne	4.0 m	3.4 m	5.2 m	1.9 m	3.0 m	34.1 m	34.1 m	31.8 m
Suurlemoene	11.2 m	8.7 m	12.9 m	5.9 m	9.2 m	37.3 m	37.3 m	34.7 m
Nawels	2.2 m	0.6 m	1.1 m	0.1 m	0.2 m	25.3 m	25.3 m	27.8 m
Valencias	0.1 m	-	-	-	-	54.5 m	54.5 m	53.8 m
Totaal	**27.7 m**	**20.5 m**	**25.6 m**	**12.0 m**	**16.2 m**	**165.6 m**	**165.6 m**	**164.8 m**